# Drie Suid-Afrikaanse provinsies kry 'n Afrika aanskyn: Die motiewe vir en proses van naamsverandering van Gauteng, Limpopo, en Mpumalanga ('n koerantstudie)

Johan C Moll*
Navorsingsgenoot, Potchefstroom Kampus,
Departement Geskiedenis,
Noordwes-Universiteit

***Abstract***

After coming to power, changing place names was one strategy that the ANC could use in order to break with the cultural dominance of the whites and to regain self-respect. Name changing started at the top through changing the names of those provinces that strongly reminded of the colonial past. Apart from restoring self-respect, the most important motive for name changes was the need to illustrate that the new incumbents could use their recently acquired power to demonstrate the legitimacy of their rule over a specific geographical area. These motives are analysed, as well as the processes which were set in motion to change the names of three provinces, including public debates and meetings, the use of modern communication techniques , etc. These processes were revealing of the new collective values of a truly democratised society, and demonstrated that the new regime was legitimate and in possession of the necessary instruments of power needed for transformation.

## Inleiding

Pleknaamsverandering in Suid-Afrika is tans 'n vuurwarm onderwerp maar ook wêreldwyd kom dit van tyd tot tyd steeds in die kollig. Teen die einde van 2006 kon die internasionale *Time*[1] tydskrif byvoorbeeld berig van die "high-tech boomtown Bangalore" in Indië wat van die wêreldkaart verdwyn het, nie as gevolg van 'n natuurramp of 'n kernbom-aanval nie, maar vanweë die drang om van die oorblyfsels van Britse kolonisasie ontslae te raak en die nuwe naam Bengaloorn te aanvaar. Sulke veranderinge om plaaslike identiteit te bevestig word as lank "agterstallig" beskryf. Tevore reeds het ander groot

* Prof. Moll was voorheen verbonde aan die Departement Geskiedenis van die Vrystaatse Universiteit.

1 "What's in a name?", *Time,* 13 November 2006, p. 16.

Indiese stede ook hulle name verander soos Bombaai wat Mumbaai en Madras wat Chennai geword het. *Time* kon ook verwys na verskillende dele van die wêreld waar dieselfde proses aan die gang is. Na Sadam Hussein se val het baie plaaslike leiers probeer om sy nalatenskap in Irak uit te wis. So het die uitgestrekte, arm woonbuurt Bagdad by Saddam Stad verander in Sadr Stad om die vader van die Shiietiese leier Muqtada al-Sadr te vereer, wat tydens Saddam se bewind om die lewe gebring is. In talle lande het naamverandering met bewindsveranderinge en die afwerp van kolonisasie te doen. Die motiewe vir pleknaamverandering is egter gevarieerd en kan soms suiwer materialistiese motiewe hê, soos in Amerika waar in November 2005 die dorpie Clark in Texas (inwonertal 394) herdoop is tot DISH nadat dié satelliet netwek ingestem het om vir tien jaar vry diens aan die inwoners te voorsien.

Wanneer geografiese name toegeken word, is dit veral 'n bewys dat naamgewers in 'n magsposisie is en beheer uitoefen oor 'n bepaalde geografiese entiteit. Inderdaad:

> Symbols can facilitate an acceptance of the new regime and what it stands for. Symbols can legitimate action and belief and, by helping to define many of the collective values that underpin the community, help to identify the bounds of the society and the principles by which it is governed. Overwhelmingly, political symbolism legitimates the regime's power structure.[2]

Die koloniale samelewing van die Britse Ryk was 'n toonbeeld van 'n kulturele groep wat sy eie ideale en simboliek oorgeplant het op die openbare en privaat ruimtes wat hulle in Indië, Australië en natuurlik Suid-Afrika beset het. "For British colonists, public space could also be used to segregate them from the natives and immigrants to reflect and signify their power".[3] Een van die sleutelaspekte om oorheersing en mag te manifesteer, is deur die manipulering van simbole:

> As signifiers of place, place-names can evoke powerful emotions within individuals and groups and they thus conform to the most classic definitions of symbolism.[4]

Die betekenis, verwysings en konnotasies wat aan name geheg word, kan tot driftige gevoelens en opruiende patriotisme aanleiding gee. Geografiese

2 G Gill,"The Renovation of Moscow place names", *The Russian*, R64, 2000, pp. 480-303.

3 L Hee & GL Ooi, "The politics of public space planning in Singapore", *Planning Perspectives*, 18, 2003, pp. 79-103.

4 LD Berg & RA Kearns, "Naming as norming: 'race', gender, and the identity politics of naming places in Aotearoa/New Zealand", *Environment and Planning*, D 14(1), February, 1996, pp. 103-104.

name in alle beskawings dwarsoor die wêreld word voortdurend benoem en herbenoem.

Met die afwerping van koloniale gesag en die vrywording van die inheemse meerderheidsbevolking vanaf die vyftigerjare van die vorige eeu, sou die landskap in gekolonialiseerde lande en gebiede weer ont-Europaniseer word. Na bewindsoorname was die African National Congress (ANC) ten volle bewus van die belangrikheid om Suid-Afrika te de-koloniseer en van die besondere waarde van simbole in die bevestiging en weerspieëling van 'n nuwe orde. Wat veral van groot belang geag is, was die herwinning van selfrespek na die negering van volle swart menswaardigheid tydens die apartheidsera. As belangrike oogmerk is gestel:

> We would restore our pride and dignity and then we would forever remove all vestiges and reminders of apartheid, and with the full participation of all our people, change these names and symbols to ones that would instill national pride and acceptance.[5]

Gevolglik was die ANC gretig om die oorwonne apartheidsregime se simboliese kultuur te vervang met sy eie en dit in ooreenstemming te bring met die waardes en politieke oogmerke van die nuwe bewind. Omdat name nie abstrakte wetenskaplike objekte ver verwyderd van politiek en ideologie is nie en "literally filled with ideologies"[6] is, het name ook te doen met politieke identiteit. Name reflekteer en manifesteer 'n spesifieke politieke identitiet en in die geval van Suid-Afrika sou die ANC sy politieke stempel ook deur naamgewing op die samelewing afdruk.[7]

Tot 1994 was Suid-Afrika administratief ingedeel in vier provinsies (Kaap, Natal, Transvaal en die Oranje-Vrystaat); ses "selfregerende"tuislande (Gazankulu, KaNgwane, KwaNdebele, KwaZulu, Lebowa en QwaQwa); en vier "onafhanklike" tuislande of "soewereine onafhanklike state" (Transkei, Bophuthatswana, Venda en Ciskei).[8] Ongeveer 44% van die land se totale bevolking was in die tien tuislande woonagtig en het sodoende die ekonomiese en politieke probleme van die land vererger. Ten einde hierdie probleme die hoof te bied het die ANC-onderhandelaars die land se interne grenslyne herskik,

5 S Mowzer, "Apartheid came to taunt us in the naming of streets", *The Star*, 17 November 1998, p. 10.

6 Lefebvre soos aangehaal in L Hee & GL Ooi, "The politics of public space planning in Singapore", *Planning Perspectives*, 18, 2003, p. 96.

7 M Azaryahum, "Street names and political identity. The case of East Berlin", *Journal of Contemporary History,* 21(4), October 1986, p. 581.

8 Provincial and local Government 2, September 2006, (Available at http://reference.allrefer.com.country-guide-study/south- africa.south-africa105.html, as accessed on 20 Feb.2007), pp. 1-6.

die tuisland-grense ongedaan gemaak en deur die Interim Grondwet van 1993 nege provinsies daargestel: Oos-Kaap, Oos-Transvaal, Natal, Noord-Kaap, Noord-Transvaal, Noordwes, Oranje-Vrystaat, Pretoria-Witwatersrand-Vereeniging en Wes-Kaap.

Die afbakeningsproses het in Mei 1993 begin toe die Veelparty Onderhandelingsraad 'n Kommissie vir die Afbakening van State/Provinsies/Streke aangestel het om 'n openbare aanhoring te fasiliteer en aanbevelings aan die raad voor te lê. Na die ontvangs van meer as 300 verslae en die aanhoor van tagtig mondelinge getuienisse, het die Kommissie die daarstel van nege provinsies aanbeveel wat geïnkorporeer is in die tussentydse grondwet. Die tuislande is amptelik op 27 April 1994 ontbind. Na die land se eerste demokratiese verkiesings in 1994 is krities gekyk na name met 'n kolonialistiese en apartheidskonnotasie en dit was duidelik dat sommige van die provinsies se name inderdaad sou moes verander. Die woord "Transvaal" byvoorbeeld was 'n oorblyfsel van die Boere republikeinse jare en die woord "Oranje" het 'n verbintenis gehad met die Nederlandse koningshuis.

Na bewindsaanvaarding het die ANC duidelike blyke gegee dat pleknaamsverandering in Suid-Afrika 'n noodsaaklike proses sou wees om aan hulle ondersteuners bewys te lewer dat ware demokrasie geseëvier het en dat die demokratiese meerderheid se helde en die bakens in hulle vryheidstryd in naamtoekenning gestalte sal kry. Die provinsies as grootste politieke eenhede sou logieserwys eerste aan die beurt kom, maar geen dramatiese haas is getoon om name te verander nie en teen Maart 1995 het slegs twee van die land se nege provinsies besliste stappe geneem om hulle name te verander. Die Pretoria-Witwatersand-Vereeniging (PWV) het Gauteng geword en die Oranje-Vrystaat het met sy Nederlandse verlede gebreek deur van die naam 'Oranje' ontslae te raak. Daar is bespiegel dat KwaZulu later dieselfde jaar 'n naamsverandering sou ondergaan en die Koninkryk van KwaZulu sou word. Wes-Kaap het aanvanklik slegs die kosmetiese stap geneem om sy naam in die drie amptelike tale van die provinsie te vertaal, naamlik Engels, Afrikaans en Xhosa. Noord-Kaap het sy naam bly behou en in Noord-Wes is die bestaande naam bevestig deurdat die Wetgewer 'n wet aanvaar het waardeur motor-registrasies op NW sou eindig. Beide Oos-Transvaal en Noord-Transvaal is in naamsverandering gekortwiek deur die etniese diversiteit van bevolkings. Oos-Kaap het besluit dat die belangrikste prioriteit was om eers die provinsie behoorlik te laat funksioneer.[9]

9 M Makhanya, "Provinces are in no hurry to change their names", *The Star*, 13 March 1995, p. 6.

**Gauteng vervang Pretoria-Witwatersrand-Vereeniging (PWV)**

Die nuwe provinsie wat Gauteng sou word, is gevorm uit deel van die ou Transvaal-provinsie en het vroëer bekend gestaan as Pretoria-Witwatersrand-Vereeniging of die PWV-gebied. Dit is die kleinste provinsie in Suid-Afrika, geleë in die kern van die Hoëveld met die tweede grootste inwonertal, naamlik 7.3 miljoen waarvan 70% swart, 23.2% wit, 3.8% kleurling en 2.2% Indiër was.[10]

Een van die eerste prioriteite van die nuut omlynde provinsie was om 'n nuwe naam te vind. Dit was geensins 'n eenvoudige saak nie en die provinsiale regeringskomitee wat aangestel is om die saak te ondersoek, het nie net talle vergaderings gehou nie, maar openbare argumente is ook in die pers gevoer en twee agentskappe se hulp is ingeroep om 'n gepaste naam te vind.[11] Verskeie moontlike name vir die nuwe provinsie het onmiddellik opgeduik: 'Golden Highlands', 'Egoli' (die Zulu naam vir Johannesburg) en 'Gauteng' (die Sotho woord vir 'plek van goud'). Die regeringskomitee is gelei deur die enigste PAC wetgewer-lid, !Khoisan X. Een van die nuusblaaie het die skeptisisme uit wit geledere wat tydens die uitgerekte proses uitgespreek is, verwoord deur sarkasties voor te stel dat die naam 'Province X' moet word. Hoe langer daar gesloer is, hoe meer name het begin opduik en dit het ingesluit:

> the bizarre, the appropriate, the sentimental and the just boring. Vaal, Savannah, Rand Highveld, Mandelaland, Nelsonia, Central Province, the Reef, Valauria, Gold Reef, Central Rand were among the 49 different names suggested.

Die agentskappe kon met niks beters vorendag kom as die steriele 'PWV' akroniem nie met die idee dat dit ook sou kon staan vir "Prosperity, Wisdom, Vision" of "Peace, Wealth, Vision". Gaandeweg het dit egter duidelik geword dat 'Egoli' en 'Gauteng' die gunsteling alternatiewe vir die bestaande naam was. Die Vryheidsfront en die Nasionale Party het hierdie voorstelle heftig maar futiel teengestaan. In hierdie fase van die ontplooiing van die nuwe provinsie, is inheemse regalia ook goedgekeur naamlik 'n hout knopkierie en uitgekerf daarop 'n Sotho hut, 'n mieliestronk en kralewerk om alles mee af te rond.[12]

10 Directorate: Information Services, Democratic profile of South Africa, Census in brief, 1999, *Statistics South Africa* (1996 data).
11 "Naming Gauteng was not that easy", *The Star*, 31 March 1999, p. 15.
12 M Azaryahum, "Street names …", *Journal of Contemporary History,* 21(4), October 1986, p. 581.

Op 9 Desember 1994 kon die ANC-lede hulle simboliese oorwinning om die PWV naam na Gauteng te verander met uitroepe van 'Amandla' begroet en vreugdevol al singende uit die Johannesburg stadsaal stap. So heftig egter was die debat vooraf, dat *The Star* met verbasing berig het:

> We are a bit stunned that more fur flew in the PWV Legislature during the name debate than at any other stage in the first few months of the new South Africanism.[13]

Volgens die uiteensetting wat I Jacobs van die ANC tydens die debat gegee het, is Gauteng gebaseer op verskeie Germaanse woorde vir 'goud', onder andere die Afrikaanse word 'goud' en het die woord 'n nuwe era van kulturele akkommodasie versinnebeeld. Hy kon daarop wys dat die nuwe naam 'n brug vorm tussen die pre- en die post-apartheid era en juis daarom behoort wit en swart dit met trots te omhels. Raadslid Andrew Feinstein van die ANC se passievolle en opruiende pleidooi ten gunste van 'Gauteng' het vurige ondersteuning van ANC-lede ontlok: Sy slim en oortuigende argumentasie was:

> Gauteng het enorme simboliese betekenis vir die provinsie. Dit is deur die eerste Sotho's, Xhosas en van die Zoeloes gebruik wat in die myne kom werk het.

Feinstein kon daarop wys dat goud nie net verwys na die metaal waarop die land se ekonomie gebou is en wat rykdom en mag versinnebeeld nie, maar ook heenwys op menslike prestasies (goue medaljes) en die natuurprag (die goue son). Goud is tog die kleur wat in baie magsimbole soos krone en ampstawe gebruik word. Voorts het Feinstein daarop gewys dat Gauteng ook op 'n diep menslike kant dui:

> Die mense wat na rykdom in die myne kom soek het, het meestal lyding, swaarkry en baie min rykdom gevind. Op die rug van hierdie swaarkry is die provinsie gebou.[14]

Dit is veral gesamentlike hoop en aspirasies wat mense bind en 'n plek van goud is iets wat wink en waar almal wil woon. Afrika weerklink in die klank van die woord 'Gauteng' en die band met Afrika was volgens Feinstein histories, polities, kultureel en ekonomies van groot belang.

Dié weldeurdagte en emosionele pleidooi van Feinstein het die hoop verwoord dat die nuwe naam net soos die nuwe landsvlag, groepsidentiteit in die provinsie sou transendeer en dit 'n breuk met die verlede aandui:

13 Hoofartikel "Welcome to Gauteng" *The Star*, 12 December 1994, p. 12.

14 W Pretorius, Gauteng is baie meer as net 'n naam, *Beeld* 13 November1994, p. 13.

> Deur Gauteng te aanvaar, kondig ons die begin van 'n nuwe era aan. 'n Era waarin ons nuwe doelwittte nastreef as 'n inherente deel van ons vasteland. 'n Era waarin ons die aspirasies van die verlede met die hoop en beloftes van die toekoms versoen. As 'n blanke Suid-Afrikaanse Jood uit die private sektor, sê ek met enorme trots: Viva Gauteng! Viva! Ek pleit by almal om met trots dit saam met my te sê. Mayibuye! iAfrika.

Met hierdie woorde het die galery in toejuiging ontplof, die ANC-lede het hande gevat en juigend uit die Wetgewer gestap.[15]

Die Nasionale Party (NP) en die Vryheidsfront (VF) het dit nog nodig gevind om kleinlike politiekery te bedryf en 'n gulde kans deur die vingers laat glip om ruimheid van gees en steun vir die nuwe demokrasie te toon en groter vertroue tussen wit en swart te bevorder. Toegegee, vir baie blankes was die oorgang van oorheerser na oorheersde 'n traumatiese situasie om te aanvaar en hulle het in hierdie vroeë stadium nog politieke teenstand teen pleknaamsverandering van hulle partye en politieke verteenwoordigers verwag. Voor die finale aanvaarding van die naam was daar groot toutrekkery onder die minderheidspartye en die NP se hoofsweep, Derek Christophers, het selfs die Inkatha Vryheidsparty (IVP) leier, Mangosotho Buthelesi gevra om in te gryp sodat sy party nie die ANC steun nie. In werklikheid was daar 'n vierdelige breuk met die blankes weer grootliks verdeeld: die ANC, Pan African Congress (PAC), IVP en die African Christian Democratic Party (ACDP) het vir Gauteng gestem, die NP vir die dubbel vorm 'Gauteng/Transvaal', die Vryheidsfront vir 'Transvaal' en die Democratic Party (DP) vir 'eGoli'.[16] Toe stemme moes verdeel, het die NP die ANC gesteun, terwyl die DP uit die saal gestap het. Na die nuwe naamsaanvaarding het Tokyo Sekwale, Gauteng premier onder luide toejuiging daarop gewys dat die nuwe naam versoenend is omdat dit uit Afrikaans en Zoeloe kom: 'Gaut' is die Afrikaanse verbuiging vir die woord en die Afrika 'eng' is bygevoeg om die plek aan te dui. Sy uiters versoenende slotopmerkings was:

> Niemand is verslaan met die besluit nie. Ons het hiermee bevestig dat ons van Afrika en Europa is. Ons het Afrikaans se belangrike rol herbevestig. Kom ons maak dit ons almal se Gauteng.[17]

In 'n hoofartikel het *The Star* onbedekte geirriteerdheid uitgespreek oor die DP se kleinlike weerstand:

15 W Pretorius, "Gauteng...", *Beeld,* 13 November1994, p. 13.
16 Hoofartikel, "Gauteng", *The Citizen,* 10 December 1994,"p. 6.
17 W Pretorius, "Amandla! en singende ANC's vier Gauteng vir PWV", *Beeld,* 9 Desember 1994. p. 13.

> We feel sure the people of this province will recognise, as some of their leaders did not, that it is right to adopt an indigenous name, that it shows a will to pack away the cultural arrogance of the past, even if we cannot all learn each other's languages and customs.[18]

Selfs hierdie logiese argument kon 'n ander koerant, die *Citizen* nie oortuig nie, wat volgehou het dat naamsverande-ring juis die teenoorgestelde effek het. Gauteng was vir sommige blankes 'n vreemde en sinnelose woord, en konserwatiefgerigte die Afrikaner in die besonder sal die verandering sien as verdere bewys dat die ANC vasberade is om alle kulturele en historiese verbintenisse met die verlede te verbreek.[19]

Daar was tog onder baie blankes die besef dat die nuwe naam onder die meerderheid van die gebied se bewoners gewild was en lankal reeds wyd in omloop is. Die aanname van Pretorius was dat dit eintlik net blankes is wat nie weet nie van die wêreldbekende Miriam Makeba se liedjie, *Gauteng where our fathers died* en ook nie besef hoe wyd die naam gebruik word nie. Tereg is verwys na die ware situasie dat daar in Suid-Afrika 'n onverskilligheid jeens Afrika-name en simbole heers soos in die OAE se taalplan vir Afrika na verwys word en na maniere om dit reg te stel. Die OAE se aanbeveling was dat weens die negatiewe houding van die algemene publiek jeens die inheemse Afrika-tale op die vasteland, is dit noodsaaklik vir elke lidstaat om 'n nasionale veldtog van stapel te laat loop om die inheemse bevolking op te voed oor die inherente en potensiële bruikbaarheid van Afrika-tale.[20]

Helaas het die teenkanting teen die naam in blanke kringe voortgeduur en oor die nuwe naam het *The Citizen* laat hoor dat President Mandela versoening predik en dit beteken dat die ANC gevoelig moet wees vir die gevoelens van die Afrikaner en ander wat waarde heg aan die land se geskiedenis en erfenis.[21] Ten spyte van die wanhopige en nuttelose protes het die stem van die meerderheid jubelend geseëvier en die nuwe naam – Gauteng - het onmiddellik entoesiastiese aanhang gevind en is lustig aanvaar.

Tog, u verskeie "blanke" bronne kon berig word dat die reaksie op die PWV naamsverandering oorwegend goed was. Een van die nasionale vermaaklikheidsikone, Pieter-Dirk Uys was inskiklik oor die naam al het hy met sy kenmerkende humor laat hoor:

18 Hoofartikel, "Welcome to Gauteng", *The Star*, 12 December 1994, p. 12.
19 Hoofartikel,"Gauteng", *The Citizen,* 10 December 1994, p. 6.
20 W Pretorius, "Gauteng….", *Beeld,* 13 Desember1994: 13..
21 Hoofartikel, "Gauteng", *The Citizen,* 10 December 1994, p. 6.

> Dit kon erger gewees het. Almal gaan nou wel klink of hulle keel skoonmaak, maar dit is baie beter as as PWV. Dié naam het my laat herinner aan PW Botha in 'n onderbroek.

Vir Frans Marx, TV Egoli-regiseur, het PWV "te veel na 'n soort verf geklink. Gauteng het darem 'n lekker klank daaraan". Die skrywer Cecile Cilliers het die hele bohaai oor naamsverandering as onnodig beskou: "Dit is per slot van sake net 'n naam. Ek dink dit is pragtig. Ek wens net die stof wil gaan lê sodat ons kan aangaan met die lewe". Vir 'n TV persoonlikheid van 'n dekade tevore, Elsabé Daneel, was die nuwe naam met die tipies Afrikaanse glottis-klank mooi. Die president van die Transvaalse Krieketunie, Ali Bacher, het versoenend laat hoor dat dié unie sou moes besluit of die naam aangepas behoort te word.

Dan was daar egter ook diegene wat hulle teenkanting teen die naam Gauteng omonwonde gestel het Japie Mulder, eerstydse Springbok-rugbyspeler, wou die ou naam behoue laat bly as deel van tradisie. In 1989 was Transvaal 100 jaar oud – 'n mens kan die naam nie nou eensklaps verander nie".[22] Die argument van *The Citizen* weer was dat Pretoria, Witwatersrand en Vereeniging "are historic names and are not to be equated with, say, Belsen, Büchenwald and Auschwitz".[23] Gauteng sou meer verwarrend as PWV vir buitelanders wees en die betekenis daarvan sou verduidelik moes word. Volgens die koerant was dit F Cahalia van die ANC wat die ware ANC rede vir die verandering verstrek het. Mense word omring met ikone van wit opperheerskappy en dit het tyd geword om simbole te vind wat die Afrika-karakter van die streek weerspieël.

Een van die laaste protesskote is afgevuur deur die verregse nuusblad, *Die Afrikaner*[24] wat beweer het dat die woord Gau in die Nama-taal "uitskeiding" beteken:

> Daar is nog 'n verband. Hulle sê dat gauteng verband hou met die woordjie, goud. In plaaslike tale is die word vir goud 'teocuitlatl'. Letterlik beteken dit 'uitskeiding van die gode'! (Dit sluit darem sweet en trane ook in). …Hulle sê niemand kan nou verkwalik word as hy sê die Nuwe PWV is sommer 'n '…plek' nie – dit is die naam!

Wat sou die bewoners nou genoem word, is gewonder en in 'n spotprent vol kwinkslae is bespiegel: "Now what they gonna call us? Gauties? Gauters?

22 E Anderson & M Van Wyk, "Lekker-klank Gauteng. …", B*eeld,* 10 Desember 1994, p. 2.
23 Hoofartikel, *The Citizen*, 10 December 1994, p. 6.
24 "Gauteng – vanwaar, Gehasi?", *Die Afrikaner*, 16 Maart 1995, p. 8.

Gautsmen? Gauthangers?"[25] Daar was die aanname dat PWV nie juis 'n inspirerende naam was nie, maar dit was ten minste 'n geografies saamgestelde naam en, so het die onlogiese argument gelui, nie een met 'n apartheidskonnotasie nie. Dit was immers juis in 'n stad soos Pretoria waar politieke aktiwiteite die felste deur die vorige bewind bedryf is en waar veranderinge as ononderhandelbaar beskou is. Dit was duidelik dat die simbole van die ou regime uit hulle hartland verwyder sou moes word. Kaapstad was die hartland van apartheidswette en Pretoria die plek waar vanuit die destydse Uniegeboue, administratiewe dwingelandy gevoer is.

Geen teen-argumente vir die aanvaarding van die naam Gauteng het meer saak gemaak nie. Op 26 Junie 1995 is in 'n konstitusionele amendement in die Parlement 'n voorstel ingedien vir die verandering van drie Provinsies se name. Deur die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika Amendement Wet is Pretoria-Witwatersrand-Vereniging in Gauteng omskep, die Oranje-Vrystaat tot Vrystaat en die Noord-Transvaal tot Noordelike Provinsie. Dit is op 28 Junie in 'n gesamentlike sitting van die Nasionale Vergadering en die Senaat gedebatteer en goedgekeur[26] So het Suid-Afrika se rykste provinsie sy gepaste goue naam gekry en sy post-kolonialistiese toekoms tegemoet gegaan.

Die provinsie is mettertyd in 3 metropolitaanse munisipaliteite (Johannesburg Stad, Tshwane Stad en Ekurhuleni) en 8 distriksmunisipaliteite ingedeel waarvan 4 nog ou herkenbare name behou het, nl. Midvaal, Westonaria, Randfontein en Wes-Rand. Die name van die res was Nokeng tsa Taemane ('by die diamantriviere'), Kungweni ('by Ngweni'), Lesedi ('lig'), Emfuleni ('klein riviertjie naby die Mofularivier' met ander woorde 'n dimunitief van die groter rivier), en Mogale ('held').[27]

Die wyse waarop die naamsverandering van Pretoria in die gedrang gekom het, is 'n verhaal op sy eie wat hier net aangeraak kan word. Die Tshwane Stad Metropolitaanse Munisipaliteit het op 5 Desember 2000 tot stand gekom deur die samevoeging van 'n aantal kleiner eenhede insluitende die Groter Pretoria Metropolitaanse Raad. Die stadsraad van Pretoria se status is toe verlaag tot die van 'n plaaslike munisipale raad. Op 7 Maart 2005 het laasgenoemde raad

25 Spotprent met onderskrif, "Gauteng", *Weekend Star*, 11 December 1994, p. 10.
26 "Gauteng name Bill tabled", *The Citizen,* , 27 June 1995, p. 8.
27 Gauteng 2006, Wikipedia (Available at http://en.wikipedia.org/wiki/Gauteng: 1-6 as accessed on 15 January 2007); Prof. J Gildenhuys, Voornalige departementshoof, Departement Afrikatale, Vrystaat Universiteit. Mondelinge onderhoud en skriftelike inligting oor die betekenis van Munisipale inheemse name, 10 November 2006.

besluit om die hoofstad Tswane te noem. Hierdie voorstel is 26 Maart 2005 deur die Raad vir Suid-Afrikaanse Geografiese Name goedgekeur. Dit kan egter nie finaal van krag word voordat die minister van kuns en kultuur dit goedkeur nie, wat tot op hede nog nie gebeur het nie.

## Limpopo vervang die naam Noord-Transvaal

Die jaar 2002 sou die jaar word waarin die kwessie van pleknaamverandering heel voor op die nasionale agenda beland het, veral as gevolg van die leiers in die Noordelike Provinsie se vasberadenheid om sy naam en ander plekname in die gebied te Afrikaniseer. Suid-Afrika se onderhandelde oorgang in 1994 tot meerderheidsregering het, onder leiding van Nelson Mandela, konsensus ingesluit dat emosionele kwessies soos koloniale simbole en naamverandering vireers eenkant gelaat sou word. Dit was die rede waarom baie plekke teen hierdie tyd nog beledigende, aanstootlike en kolonialistiese name gedra het.[28]

Die mees noordelike provinsie van Suid-Afrika is met die nuwe staatkundige bedeling in 1994 gevorm uit die noordelike deel van die ou Transvaal provinsie en aanvanklik Noordelike Transvaal genoem. Met die totstandkoming van die nuwe provinsie sou die gebied strek vanaf die noorde van Pretoria deur die voormalige Lebowa en Gazankulu tuislande tot aan die Limpopo rivier. Dit is 'n gebied wat internasionale grense deel met drie lande: Botswana in die weste en noordweste, Zimbabwe in die noorde en Mosambiek in die ooste. Na die Gauteng naamsoorwinning het die bewussyn en aandrang sterker geword om die naam Noordelike Transvaal ook te verander, veral omdat Transvaal opgehou het om te bestaan. Die segspersoon vir premier Ngoako Ramatlhodi in hierdie stadium, Jack Mokobi, het vroeg in 1995 aangedui dat die saak na 'n spesiale komitee verwys sou word wat ook aandag sou gee aan die wegdoen van alle apartheid-simbole.[29]

Daar was onmiddellik talle suggesties oor wat die provinsie genoem behoort te word. Sommige het gemeen die bestaande naam moet behou word omdat dit die streek gepas beskryf, terwyl ander die naam Verre Noordelike Provinsie voorgestel het, terwyl die benaming Trans Noord ook gehoor is. Miskien moet dit eenvoudig die Groot Dorsland genoem word, het 'n moedelose boer

28 "Erasing white history", *Daily News*, 11 February 2002, p. 6.
29 "N Tvl to change its name", *The Citizen*, 19 January 1995, p. 13.

voorgestel.[30] Alhoewel name soos Baobub, Capricorn en Limpopo in omloop was, het die naam Polokwane ('rusplek') onmiddellik sterk begin figureer as gunsteling by die regering. Die spesiale naamkomitee se segspersoon, John Maswanganyi het daarop gewys dat 'n nuwe naam gesoek word wat versoening, eenheid en nasiebou sou kon verwoord.[31]

Die naam van die provinsie se hoofstad Pietersburg het ook ter sprake gekom, maar dit sou nie oornag verander word nie. Dié versekering is gegee deur die voorsitter van die staande komitee oor provinsiale kleure, simbole en name, Joyce Ndimande. Sy het belowe dat mense op grondvlak inspraak sou kry voordat 'n besluit oor dié "sensitiewe en emosionele saak" geneem word.[32] Pietersburg en Polokwane was van die onmiddellike suggesties. Nog 'n spesiale komitee sou aangestel word uit geïnteresseerde groepe om openbare vergaderings te belê vir nuwe name vir die provinsie en sy hoofstad.[33] 'n Kortlys sou op 1 Maart 1995 in die provinsiale Wetgewende Raad bespreek word.

Die Pietersburg Kamer van Handel was van oordeel dat naamsverandering vir die Provinsie einlik 'n mors van geld is. Wat wel van voordeel kon wees, was dat dit sou kon bydra om die toenemende provinsiale patriotisme verder aan te help en die provinsie te help bemark vir handel en toerisme. Daar is bereken dat die minimum-koste vir die naamverandering van die sowat 2 000 klein en medium-ondernemings ongeveer R5000 elk sou bedra om briefhoofde, visitekaartjies, kwitansieboeke en rekeningstate te verander. Om die name van sowat 140 sake-ondernemings in Pietersburg wat dié naam as deel van hulle naam het, te verander, sou ongeveer R2 miljoen beloop. In die voorlegging van die Pietersburgse Sakekamer teen die verandering van die hoofstad se naam is gevra "of die provinsiale regering bereid sal wees om hierdie onkostes te dra. As die regering bevestigend antwoord, kom die geld uiteindelik weer uit die sake van die belastingbetaler".[34] Daar is versoek dat die nuwe naam van die provinsie vertaalbaar in sowel Engels as Afrikaans moes wees.

Die saak het eindeloos gesloer en teen die einde van 1997 is berig dat meeste mense gedurende inbel-programme die naam "Capricorn Province" verkies. Die naam was gewild oor "it is the only province in South Africa where the

30 "Now Northern Transvaal is looking for a new name", *The Star*, 19 January 1995, p. 5.
31 "Northern Transvaal may be Polokwane", *The Citizen*, 26 November 1995, p. 11.
32 Hoofartikel, "Nuwe name", *Beeld*, 24 Julie 1995, p. 14.
33 G Stafford, "In search of a new name for Northern Transvaal", *Business Day*, 26 Januarie1995, p. 2.
34 E Tempellhof, "N-Tvl kan weg, maar Pietersburg moet bly", *Beeld*, 24 Maart 1995, p. 15.

geographic line or Tropic of Capricorn passes", 'n feit wat nie verander kan word nie en 'n naam wat 'n verenigende uitwerking op die bewoners van die provinsie kan hê. Nog 'n naam wat sterk geloop het was Mapungubwe, die area waar een van die oudste beskawings wat goud gebruik het, 'n paar jaar vantevore ontdek is. Hierdie stam het blykbaar sterk bande gehad met die beskawing van Groot Zimbabwe.

Vroeg in 2001 het die premier weer eens die moontlikheid van naamsverandering in die Wetgewende Vergadering geopper. 'n Pleknaam-ondersoekkomitee van 9 lede is kort daarna aangestel bestaande uit 8 ANC lede en een van die Nuwe Nasionale Party opposisie. Hierdie komitee is aangestel toe die premier besef het dat die bestaande naam sake vir hom en die besigheidsgemeenskap bemoeilik om buitelandse beleggers te lok.[35] Op 7 Desember 2001 is 'n mediakonferensie gehou waar besonderhede en datums bekend gemaak is van wanneer die publiek voorstelle sou kon voorlê. Die werklike proses om 'n nuwe naam te vind is op 8 Desember 2001 geloods. Edgar Mushwana, voorsitter van die naamkomitee het gerugte ontken dat die komitee reeds op die naam 'Limpopo' besluit het, wat die gunsteling naam onder sekere politici was en die versekering gegee dat die komitee nie op 'n nuwe naam sou besluit sonder deelname van al die belanghebbendes nie.[36] Die komitee sou openbare debatte in al ses streke van die provinsie voer in 'n poging om maksimum deelname te verseker Die afsnydatum sou 15 Januarie 2002 wees.

Sonder werklik oortuigende bewyse is aangevoer dat 'n nuwe naam beleggers sou lok, meer werksgeleenthede sou skep en tot ekonomiese ontwikkeling sou lei. Die argument was dat daar baie ander noordelike provinsies in ander lande bestaan en dat dit die bemarking van die provinsie bemoeilik. Die PAC se standpunt by monde van sy vise-president, Motsoko Peko was dat sekerlik meer inheemse name gevind kon word vir Noordelike Provinsie of Westelike Provinsie. Noordelike Provinsie het immers plekke soos Mapungubwe waar goud, koper en ander minerale uitgegrawe en verwerk is deur Afrikane so vroeg as 750vC en daar is 'n belangrike rivier soos die Limpopo waardeur die provinsie sy naam kan Afrikaniseer.[37] Afgesien van sy kolonialistiese konnotasie, is die bestaande naam deur die PAC as "boring, meaningless and confusing" afgemaak.[38]

35 A Maponya, "New name will attract investors", *Sowetan,* 21 December 2001, p. 4.
36 H Smit, "New name for Northern Province", *The Citizen*, 7 December 2001, p. 8.
37 M Pheko, "Our country needs some imaginative names", *Citizen* 29 December 2001, p. 9.
38 M Singwane & S Mokoena, "Boring, racist town names on the chopping block", *Sunday Independent,* 30 December 2001, p. 5.

Mushwana het beloof dat naamsverandering vroeg in 2002 sou plaasvind.[39] Die rasionaal agter die vind van 'n nuwe naam was om te verseker dat die provinsie maklik herkenbaar en identifiseerbaar sou wees sodat die buitewêreld sou weet waar om te investeer. Die hoop is uitgespreek dat premier Ngoaka Ramatlhodi die nuwe naam tydens die amptelike opening van die Wetgewende Vergadering in Februarie 2001 sou aankondig, maar die gesloer was nog nie op 'n einde nie. Uiteindelik sou die belangrikste geografiese kenmerk van die land die swaarste weeg en in Februarie 2002 is die Noordelike Provinsie hernoem tot Limpopo (oftewel Plek van Veiligheid) Provinsie na die naam van die belangrikste rivier op die grens met Zimbabwe. Die hoofstad sou Polokwane heet, maar die naam is eers amptelik op 11 Junie 2003 verander toe die destydse minister van kuns, kultuur en tegnologie die aanvaarding onderteken het. Die premier self was ten gunste van Mapungubwe maar hy moes swig omdat die meerderheid ten gunste van Limpopo was. Een van die belangrikste redes waarom op hierdie naam besluit is, was blykbaar dat dit vir verskeie etniese groepe makliker was om uit te spreek as Mapungubwe.[40] Oor die oorsprong en betekenis van die woord bestaan daar nie eenstemmigheid nie. Sommige glo Limpopo is 'n isiNdebele word vir watervalle, ander is oortuig daar bestaan geen so'n woord nie en dat watervalle in isiNdebele Libombo is. Limpopo is waarskynlik 'n korrupsie van Libombo.[41]

In terugskouing oor pleknaamverandering het die *Pretoria News* in Februarie 2002 tereg daarop gewys dat alhoewel verandering met pyn gepaard gaan, die mensdom tog versoen raak met die onafwendbaarheid daarvan en leer om daarmee saam te leef. Moderne mense besef dat dit futiel is om verandering teen te staan en dat dit eintlik belaglik is om dit te probeer keer. Hoe hartseer is dit dus "that the motley of conservatives opposed to the historic name changes in the Northern Province – and elsewhere in the country – are continuing to delude themselves that they can stop the winds of change". Skielik word regses kruisvaarders vir sogenaamde rassisme in die pleknaamverandering-proses en toon geen gevoel vir name wat stene des aanstoots vir die meerderheid van die bevolking is nie. Sinies en skouerophalend is opgemerk: dit is waarskynlik te veel gevra vir wittes wat 'n ondemokratiese apartheidstaat gesteun het om skielik demokrasie en heerskappy deur die meerderheid te aanvaar.[42]

39 A Maponya, "New name will attract investors", *Sowetan* 21 Desember 2001, p. 4.
40 K Mamaila, "Town name changes are part of drive to Africanise", *The Star*, 30 January 2002, p. 1.
41 K Mamaila, "Town name changes …", *The Star*, 30 January 2002, p. 1.
42 "Changing names ….", *Pretoria News*, 18 February 2002, p. 9.

Teenoor hierdie gebalanseerde en realistiese beskouing, is daar selfs gepraat van 'n "Afrikaner rage" oor die voorstelle vir pleknaamsverandering in die Noordelike Provinsie.[43] Dit was veral omdat naamsverandering van Louis Trichardt, Pietersburg, Tzaneen en Messina ook ter sprake gekom het, 'n verhaal waarop hier nie verder ingegaan kan word nie. Die Afrikaner Eenheidsunie en die Vryheidsfront het beweer die naamsverandering is 'etniese suiwering' en wou hê Afrikaners moet belastingbetaling boikot. Een van die leiers van dieVryheidsfront, Jan Willemse, was onthuts dat die Afrikaner in die gesig geskop word. Afrikaners is in die land gebore, is Afrikane en naamverandering toon disrespek vir die Afrikaner se taal en kultuur.[44]

Die reaksie deur die voorsitter van die *SA National Editor's Forum* en ondervoorsitter van *SABC News,* Mathatha Tsedu op hierdie blanke uitdaging tot 'n tweegeveg, was bitter en heftig:

> It is the nerve of this stance that infuriates me. My forefathers were decimated in a virtual genocide and uprooted and dumped in open veld as the land was expropriated. Sacred graves were turned into fields where many of them moved from being free people on their own land to being slaves overnight.[45]

Premier Ramathlodi en sy 'comrades' is aangepor om volstoom voort te gaan en te bewys dat transformasie, kom wat wil, sal voortgaan. Volgens die *Daily News* was dit 'n sieklike gesig dat na byna agt jaar van swart bewind, baie dorpe in die land se ingange nog gekenmerk word deur die standbeelde van binnedringers. Die nuwe toekoms wink vir Suid-Afrika as 'n Afrikaland. Die waarskuwing was duidelik. In die begin van die land se nuwe bedeling was Mandela se rol as versoener sentraal. Vorentoe was daar groot veranderinge te wagte namate minder versoenende swartes hulle houvas op mag versterk.[46]

Die koste van die naamverandering was hoog. Die regering van die provinsie het R42 miljoen begroot en die premier het heftig reageer op die kritiek wat die regering ontvang het oor die koste van die voorgenome naamverandering. Die helfte van die bedrag sou uit die normale begrotings van die departemente en semi-staatsinstellings kom en die ander helfte uit die premier se diskresionêre fonds. Premier Ngoako Ramatlhodi het skerp gereageer tydens die opening van die provinsie se Wetgewer op 14 Februarie 2002 op kritiek na

43 M Tsedu, "Name changes must happen", *The Star*, 4 February 2002, p. 10.
44 "Erasing white history", *Daily News*, 11 February 2002, p. 6.
45 M Tsedu, "Name changes …", *The Star*, 4 February 2002, p. 10.
46 Vergelyk "Erasing white history", *Daily News*, 11 February 2002, p. 6. Siening van D. Hlope, Johannesburg Centre for Policy Studies soos aangehaal in die artikel.

die aankondiging dat die provinsie se naam en 14 plekname sal verander. Hy het onomwonde laat blyk dat die regering niks in sy pad sou duld om hierdie veranderinge deur te voer nie:

> In die naam van ons mense is ons bereid om die prys te betaal…Wat ons graag wil bereik, is om die status van die Afrikane te verhef tot dié van hulle medeburgers. Ons vervul dus ons plig soos in die Grondwet opgeteken om die tale te bevry van wat deur kolonialisme en apartheid ingeperk was. Dit is niks minder as 'n daad van selfberegting nie.[47]

Selde is die drif vir selfberegting duideliker geformuleer as in hierdie kragtige verklaring van 'n swart premier. As witmense hierdie duidelike boodskap vinniger kon gesnap het, sou dit dalk tot groter aanvaarding en beter interkulturele verhoudinge na die bewindsverandering kon gelei het?[48]

Limpopo word vir 97.2% bewoon deur swartes wat Sepedi, Venda en Tsonga sprekend is en dit is dus te verstane dat die name van die nuwe ses munisipale distrikte onderverdeel in 26 munisipaliteite, hierdie feit sou weerspieël. Slege een van die vier distrikte het 'n Afrikaanse naam gekry, nl. Waterberg terwyl die ander genoem is: Bohlabela, Capricorn, Mopani, Sekhukhune en Vhembe. Interessant is dat enkele van die munisipale distrikte Afrikaanse en Engelse name behou het: Bushbuckridge, Blouberg, Groblersdal en Marble Hall. Van die ander meer bekende munisipaliteitsname was: Polokwane, Letaba, Tzaneen, Mussina (die vroeëre Messina), Belabela (die vroeëre Warmbad), Thabazimbi, ensovoorts.[49]

## Mpumalanga vervang Oos-Transvaal

Na die land se eerste demokratiese verkiesing in 1994 is die eerste wetgewende liggaam in hierdie deel van Suid-Afrika in Mei 1994 in die lewe geroep as die Oostelike Transvaal Wetgewende Mag met Nelspruit as hoofstad en ferm oorheers deur die ANC. Die wetgewers onder premier Thabang Makwetla het 'n multi-party komitee in Junie 1995 tot stand gebring om die openbare mening te toets vir die verandering van die provinsie se naam, veral omdat die woord Transvaal herinner het aan die geskiedenis van koloniale verowering. Advertensies sou in die media geplaas word vir voorleggings oor 'n nuwe naam. Die ANC se provinsiale segsman, Oupa Pilane het verduidelik dat die kom-

47 R Fourie, "'Limpopo' slurp R42m op", *Beeld*, 15 February 2002, p. 4.
48 Die persoonlike mening van die skrywer.
49 Die persoonlike mening van die skrywer gebasseer op die koerantbronne.

petisie wyd geadverteer sou word en inskrywingsvorms sou by provinsiale departemente en skole beskikbaar wees. Die sluitingsdatum is bepaal vir 31 Maart 1995 en beoordelaars uit die ontwerp- en kommunikasie-industrieë, kultuurorganisasies en die provinsiale wetgewer sou finaal daaroor besluit.[50]

Die komitee het vyf interessante beginsels neergelê waarvolgens 'n nuwe naam oorweeg sou word. Dit moes nie verkeerd geïnterpreteer kon word nie; nie 'n kombinasie van twee name (bv. Oos-Transvaal) wees nie; nie enige deel van die provinsie uitsluit nie; nie enige groep affronteer nie; en ten slotte moes dit die beeld van die provinsie bevorder.[51] Uit twee-en-vyftig voorleggings het die komitee vier name wat voldoen het aan bogenoemde beginsels, gekies: Mpumalanga, Simunye ('ons is een'), Bohlabelo ('slagpale') en Oostelike Provinsie. Die kortlys is ook in die koerante van die provinsie gepubliseer en oor radio klets- en inbelprogramme gedebatteer. Terselfdertyd is lede van die Wetgewende Vergadering gevra om die openbare mening in hulle kiesafdelings te toets. Al die ANC, VP en NP lede van die Wetgewer-naamkomitee kon rapporteer dat hul kiesers ten gunste van die naam Mpumalanga is.[52] Uiteindelik het dit geblyk dat die naam Mpumalanga meer gewild is as die ander drie name en tydens die Wetgewer se vergadering op 24 Augustus 1995 is Mpumalanga eenparig aanvaar.

Vir die eerste keer het die son op 24 Augustus 1995 oor Mpumalanga opgekom en het die naam Transvaal finaal uit die staatkundige bedeling van Suid-Afrika verdwyn. Mpumalanga is die Nguni-woord vir "plek van die opkomende son"of "die verste oos".[53] Die naam is amptelik op 18 September op 'n fees bekend gestel.

Die nuwe provinsie is in 3 munisipale distrikte en 17 lokale munisipaliteite ingedeel en al die name van die nuwe distriksmunisipaliteite was inheemse name, naamlik Gert Sibande, Nkangala, en Ehlanzeni. Van die sewentien munisipaliteite het slegs twee nog iets geadem van name uit die era van die vorige landsregering, nl. Delmas, Highlands en Bushbuckridge. 'n Paar bekende ANC-helde is in die proses vernoem: Albert Luthuli, Govan Mbeki, Steve Tshwete en dr JS Moroka. Hierdeur is die namelandskap in die nuwe provinsie dramaties verander en kon die meerderheid bewoners daadwerklik

50 "Find name for E Tvl and win a prize", *The Citizen*, 25 January 1995, p. 16.

51 Mpumalanga 2006, Brief history of the name of the Province, (Available at http://en.wikipedia.org.wki.Mpumalanga_Province: 1-4 as accessed on 15 March 2007).

52 "Oos-Transvaal heet nou Mpumalanga ná eenparige besluit in Wetgewer", *Die Volksblad,* 25 Augustus 1995, p. 7.

53 "Oos-Transvaal heet nou…", *Die Volksblad,* 25 Augustus 1995, p. 7.

ervaar dat hulle inderdaad 'n nuwe bedeling betree het en dat die politieke mag inderdaad in die hande van die meerderheid bewoners berus.[54]

## Samevatting

Die tempo van provinsiale naamverandering was stadig en het die snelste verloop in die rykste, beste georganiseerde en mees bevolkingryke deel van die land of waar kolonialisme die duidelikste in die bestaande naam van die provinsie vergestalt is. In die begin was daar groot gebrek aan administratiewe munisipale vaardighede onder die nuwe bewind. Die eerste prioriteit was eenvoudig om munisipale stelsels aan die gang te hou. Maar een drif het van die begin af nooit ontbreek nie – die beslistheid om deur die simboliek van nuwe naamgewing wettigheid vir die nuwe bewind te toon, daardeur die nuwe kollektiewe waardes van die samelewing te illustreer en te bewys dat die gemeenskap voortaan deur die demokratiese waardes van die meerderheid bewoners gelei sou word.

Wat veral duidelik word in 'n ontleding van die naamsverandering van bogenoemde drie provinsies, is hoe belangrik swart nasionale trots en waardigheid en 'n breuk met die kulturele dominansie van die apartheidsverlede geag is. 'n Nuwe era is in die vooruitsig gestel waarin nuwe doelwitte nagestreef sou word om die land inherente deel van Afrika te maak en die strewes van die verlede te versoen met die aspirasies en beloftes van die toekoms. Blank reaksie het gewissel van ver-regse spot en hoon, verontwaardiging dat die Afrikaner se geskiedenis en kultuur opsy geskuif word tot die aanvaarding dat naamsverandering onafwendbaar is en kan bydra tot groter versoening. Meer omvattende veranderinge is voor hande en alles is in die skoot van die nuwe bewindhebbers om te besluit hoeveel van die "Afrikaner" en Koloniale name behoue sal bly. 'n Oordeelkundige besinning hiervan binne die bestaande historiese konteks behoort ook nie geïgnoreer te word nie. Tans blyk die naamsveranderinge meer ten gunste van die semantiese waarde en politiese fokus as noodwendig gedaan binne die bestaande historiese konteks.

Die ANC se magsoorname het gelei tot 'n breuk met die kulturele arrogansie van die blanke verlede (en dalk trouens 'n arrogansie wat die mensdom as sulks openbaar wanneer hulle as 'n groep in 'n magsposisie is) om veral swart selfrespek te herwin en dit ook deur naamgewing te bewerkstellig en te bevestig.

54 Mpumalanga 2006, Brief history of the name of the Province, (Available at http://en.wikipedia.org.wki.Mpumalanga_Province: 1-4 as accessed on 15 March 2007).

Naamsverandering het aanvanklik van bo begin deur die name van die provinsies wat kolonialisme die sterkste weerspieël het, te verander. Afgesien van selfrespek, was die belangrikste motiewe die besef dat wie oor mag oor 'n bepaalde geografiese gebied beskik, die hef in die hande het oor naambesluite en dat naamveranderinge belangrik is om legitimiteit van bewind te toon. Hierdie motiewe is van nader bekyk sowel as die prosesse wat gevolg is om die name van die provinsies te verander: openbare vergaderings, spesiale naamkomitees, die benutting van moderne kommunikasie tegnieke, openbare debatte, ens. Die nuwe kollektiewe waardes van 'n werklik gedemokratiseerde samelewing is daardeur geïllustreer en die bewys is gelewer dat die nuwe bewind wettig en met die nodige magsmiddele toegerus was.